# Inhoud

## Kwartaal 2: Week 16 tot 20

**Storie 1:**

Kaskar-pret ........................... 2




**Storie 2:**

Vuyo en die vliegtuig ............ 13




EXTRACT PAGES


# Kaskar-pret



EXTRACT PAGES

Alex en Collin het klaar hout vir die kaggel gekap.
Hulle is verveeld.
Alex sê: “Kom ons bou vir ons elkeen ’n kaskar.”
“Dit klink na ’n goeie plan,” sê Collin.




Collin maak ’n lysie van alles wat hul nodig het.
Alex gaan kyk wat in ’n laai in die motorhuis is.
Hy gooi skroewe, spykers en draad in ’n sak.
Alex hou die maatband vas en Collin meet die planke.
Hulle stry oor wie se kaskar hulle eerste moet bou.

| Benodighede | | | |
|---|---|---|---|
| draad<br>spykers | skroewe<br>sitplekke | wiele<br>verf | tou<br>maatband |

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Alex en Collin help mekaar om die kaskarre te bou.
Eers bou hulle Collin se kar en dan Alex s’n.
Alex se ouma gee vir hulle die sitplekke van twee ou stoele.
Collin bind ’n tou aan elke kar se neus vas.
Ouma bring vir hulle koeldrank en koekies.





EXTRACT PAGES

Collin en Alex se kaskarre is klaar.
Hulle was hul hande met water en seep.
Collin se pa is verras met hul goeie werk.
Hy draai net van die skroewe stywer vas.




EXTRACT PAGES

"Mag ons maar in die straat gaan ry?" vra Alex.
"Nee, maar julle mag wel in die park ry," sê Collin se pa.
"Onthou om regs, links en weer regs te kyk.
Ons steek die straat by die voetoorgang oor."



Collin en Alex stap saam met Collin se pa op die sypaadjie.
Hulle sleep die kaskarre aan die toue.
Hulle kyk eers regs, dan links en dan weer regs.
Daar is geen voertuie nie en hulle stap oor die sebrastrepe.
Hulle kan nie wag om teen mekaar resies te jaag nie.

**Lettergrepe**
Kom ons klap die volgende woorde:
- sy-paad-jie
- se-bra-streep
- re-sies

EXTRACT PAGES




EXTRACT PAGES

"Gereed, weg!" roep Collin se pa.
"Hier gaan ons!" gil Alex.
Hulle ry versigtig by die bult af.
Die kinders in die park waarsku hulle maats: "Pasop!"
Daar is geen wenner nie, want hulle het die lyn gelyk oorgesteek.

“Ons moet nog ons kaskarre gaan verf,” sê Alex.
“Ons moet ’n wapen ook ontwerp,” sê Collin.





EXTRACT PAGES

“Mag ek ook in jou kaskar ry?” vra Mika vir Collin.
“Mika, dit is net vir groot seuns. Jy is nog te klein,” sê Collin.
Alex kry vir Mika jammer. Sy lyk hartseer.



EXTRACT PAGES

"Kom sit op my skoot," sê Alex.
Alex klim in sy kaskar en Mika sit op sy skoot.
Mika lag opgewonde en gooi haar arms in die lug.
Collin stoot hulle agter in die werf rond.
"Vinniger! Nóg vinniger!" roep Mika.



EXTRACT PAGES

Collin verf sy kaskar goudgeel met swart kolle.
Alex verf bloedrooi strepe op sy kaskar.
“Ons moet nog ’n wapen op die sitplek plak,” sê Collin.
“Daardie gom sal werk,” wys Alex.

| Ken jy die antwoord? | |
|---|---|
| goudgeel | ____________swart |
| bloedrooi | ____________wit |



Die seuns stap met 'n lawaai die huis in.
“Wag 'n bietjie!” roep Collin se pa.
“Julle twee moet nog opruim,” sê hy streng.
Hulle draai om en gaan bêre die gereedskap.
“Nou kan ons die hele vakansie resies jaag,” sê Collin vir Alex.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Watter gereedskap gebruik Collin en Alex om hul kaskarre te bou? Noem twee.
2. Ken jy die antwoord? Bloedrooi en ___blou.
3. Watter woorde rym met “gom”?